

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 05 Mat. 6: 43 – 48; Hand. 1: 6,7, 29 – 42. Teks Hand.2: 36: “Die hele Israel moet nou vas en seker weet God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak. Tema: "God regeer sy skepping deur sy voorsienigheid en sy kerk deur die verhoging van Christus." Daar is 'n groot verskil in hoe God sy skepping regeer en hoe Hy sy koninkryk regeer. Sy skepping regeer hy deur sy voorsienigheid en sy koninkryk regeer Hy deur die lyding en verhoging van Christus. In sy voorsienigheid is Hy goed vir goeies én slegtes, die wat reg én verkeerd doen Mat. 6:45. In sy koninkryk vergewe Hy en gee die Heilige Gees net vir hulle wat hul tot Christus as Here bekeer (dit is glo in die Here Jesus) - Hand. 2: 38 Die wyse waarop God goed vir sy skepping is, word genoem “voorsienigheid” en die wyse waarop God Here vir sy kerk is, word genoem die koninkryk van God. In die Heidelbergse Kategismus (HK) 27 word God se voorsienigheid soos volg bely: “Die almagtige en oral teenwoordige krag waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en só regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede, en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.” In die gebed die “Ons Vader” bely die Gereformeerde Kerke dat die koninkryk van God is hoe Christus sy KERK regeer deur sy Woord en Gees om al meer geloofsgehoorsaam te wees. Die koninkryk van God is hoe Christus aan die regterhand van die Vader sy kerk skep, bewaar en laat groei sodat elkeen God as Here sal erken, dank, eer en liefhê. (HK 48) God se voorsienigheid gaan oor hoe Hy God is vir sy SKEPPING en God se koninkryk gaan oor hoe Hy Here van sy KERK is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 05 Mat. 5: 43 – 48; Hand. 1: 6,7, 29 – 42. Teks Hand. 2: 36: “Die hele Israel moet nou vas en seker weet God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak. Tema: "God regeer sy skepping deur sy voorsienigheid en sy kerk deur die verhoging van Christus." Jesus se dissipels was van die begin tot en met die uitstorting van die Heilige Gees deurmekaar oor wát die koninkryk van God is. Dit sien ons in hul vraag “Here, is dit nou die tyd dat u weer die koninkryk vir ISRAEL gaan oprig?” Hand. 1: 6 Die bedoeling van die vraag is: “Gaan U nou vir en deur die Joodse gemeenskap (Israel) God se regering oor sy skepping en al die volke van die wêreld weer terugvat en vestig?” Die ongeloof in hulle verwagting is dat God volgens hulle sy krag en teenwoordigheid oor die volke van die wêreld sou verloor het, maar dat Jesus nou na sy opstanding uit die dood, vir en deur die Joodse gemeenskap (Israel), God se mag en teenwoordigheid in die wêreld gaan terugvat. Jesus se koningskap het nie iets wat fout was met God se voorsienige krag en teenwoordigheid in sy skepping kom herstel nie, want daar was/is nie fout daarmee nie. Jesus is nie gebore omdat daar fout was met God se bestuur en instandhouding van die son as ster nie. Jesus is nie gekruisig omdat God

beheer verloor het in sy bestuur en onderhoud van die aarde, sonnestelsels en galaksies nie en Jesus het nie aan die regterhand van die Vader gaan sit om weer beheer terug te kry oor die volkere en nasies van die wêreld nie. God het sy skepping goed gemaak, en onderhou en bestuur dit op so wyse dat daar géén fout is met sy skepping nie. Jesus het Christus en Here geword (Hand. 2: 36) om vir God 'n KERK te skep, te versamel en te regeer - nie om sogenaamde verlore mag oor sy skepping terug te vat nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 05 Mat. 5: 43 – 48; Hand. 1: 6,7, 29 – 42. Teks Hand. 2: 36: “Die hele Israel moet nou vas en seker weet God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak. Tema God regeer sy skepping deur sy voorsieningheid en sy kerk deur die verhoging van Christus. Christus het nie Here kom word van sy kerk om iets wat God verloor het, terug te kry nie. Christus se koninkryk bring vir mense weer terug wat hulle deur hul sonde verloor het: dat hulle hul Maker nie liefhet, eer, dank en loof nie, maar dit gee vir enige iets en iemand wat hulle in sy plek stel. Wat hulle verloor het, maak hulle ontaarde mens. Hand. 2:40; Rom. 1: 18 – 32. Die koninkryk van God is die krag en mag waardeur Christus sondaars vergewe en aan hulle weer die beloofde Gees van die Abrahamsbelofte in Esegïel 36: 24 – 28 gee: om God weer volgens sy wet te kan liefhê en dien. Die kerk van die Here is sy koninkryk! Sy dissipels het selfs na sy opstanding nog steeds verwag dat Hy nou die Joodse gemeenskap gaan bemagtig om God se verlore mag oor die volkere van die wêreld weer vir God terug te vat! Daarom stel Christus teenoor hulle verwagting om bemagtig te word om die wêreld weer vir God terug te wen, dat Hy hulle nie gaan bemagtig nie, maar totaal iets anders gaan maak – getuies. Hand. 1:8 Getuies van Christus is nie bemagtigde leiers wat God se verlore mag en teenwoordigheid in die wêreld vir Hom terugwen nie. Sy getuies bedryf geen magte nie. Hulle preek die evangelie en bedien die tekens van die koninkryk: die sakramente. Hand. 2: 22 – 39. Die tekens van die koninkryk verseël en bevestig net Christus alleen sluit mense in sy lyding en opstanding in en maak hulle só deel van sy koninkryk. Só ontvang hulle weer liefde vir God in hul harte en nie geestelike kragte en magte om God se verlore mag en teenwoordigheid in die wêreld terug te wen nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 05 Mat. 5: 43 – 48; Hand. 1: 6,7, 29 – 42. Teks Hand. 2: 36: “Die hele Israel moet nou vas en seker weet God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak. Tema: "God regeer sy skepping deur sy voorsieningheid en sy kerk deur die verhoging van Christus." Die moderne Christelikheid het die Here se opdrag dat sy kerk sy getuies moet wees, verdraai tot dit wat hulle in hul geestelike taal “missionale transformasie” noem. Dié snaakse uitdrukking beteken om God se verlore mag, aansien en teenwoordigheid vir God in die wêreld terug te wen. Die wyse waarop hulle dit wil doen, is om gelowiges te

verplig om vrywillige gemeenskapsdiens in 'n ander gemeenskap as hul eie gemeenskap te moet gaan doen. Hulle glo dat God vandag vir die nuwe Afrika-gemeenskap in Suid-Afrika die koninkryk oprig. Hulle glo deur vrywillige gemeenskapsdiens word mense God se hande, voete en oë in Afrika, word God weer deur hulle teenwoordig in en herwin God sy verlore krag in Afrika! Missionaal beteken dat lidmate moet God se nuwe Afrika-identiteit demonstreer! Hierdie geestelikheid is die verwarring van die Here se dissipels gewees: hulle wou God se verlore mag, aansien en teenwoordigheid in die wêreld oprig! Hand. 1: 6. Geen gemeenskap is God se koninkryk nie en God se koninkryk is vir geen wêreldse gemeenskap nie – ook nie vir Afrika nie. God se koninkryk is nie vir die Jode, vir die Afrikaners of vir Afrika nie. God se koninkryk is vir God! God se koninkryk is sy kerk, nie die ou Afrikaner- of die nuwe Afrikagemeenskap van geestelikes nie. Elkeen wie in Jesus as Christus en Here glo, is deel van Christus se koninkryk, sy kerk, nie net Afrikane en mense wat hulself tot Afrikane getransformeer het nie. Die geestelikes het die kerk van die Here tot gemeenskapsdiens in Afrika gevonnies om deel van hulle - nie God nie! - se nuwe Afrika-koninkryk te kan word! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Geloofsgehoorsaamheid 05 Mat. 5: 43 – 48; Hand. 1: 6,7, 29 – 42. Teks Hand. 2: 36: “Die hele Israel moet nou vas en seker weet God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak. Tema: “God regeer sy skepping deur sy voorsiening en sy kerk deur die verhoging van Christus.” Die doop is die koninkryksteek dat jy ingesluit is en deel is van die koninkryk van God. (Hand. 2:38) Wie gedoop is, dra die teken van Jesus wie Christus en Here is: Christus het jou sondes vergewe en die Heilige Gees gegee om 'n koninkrykskind te wees. (Esegiël 36: 24 – 30; Hand. 2:39) Ons geloof in Christus is ons koninkryksbeking! (Hand. 2: 38) Die geestelikes van die moderne Christelikheid verwerp ons bekering as koninkryksbekering en ons doop as koninkryksteek. Hulle het 'n valse tipe beking en teken waarmee hulle wys dat hulle vir God sy mag, beheer en teenwoordigheid in die wêreld mee terug gegee het. Hulle beking klink só: “God het die beheer van jou lewe verloor deur die sonde wat jy gedoen het en is as God nie meer teenwoordig in jou lewe nie. Hy is afwesig in en staan buite jou lewe. God bestuur nie jou lewe nie, omdat jy God ontmagtig het deur jou eie lewe te bestuur. Nou moet jy die beheer van jou lewe vir God gee, jou eie-ek en eie-beheer opoffer, en God in jou lewe innooi. Hierdie valse beking is 'n oorgawe tot selfloosheid. Hulle glo verkeerdelik dat jy vir God sy verlore krag, mag en teenwoordigheid in jou lewe terug gee deur jou eie krag en teenwoordigheid as mens af te lê. Daarom skep hulle 'n valse doop as teken van selfloosheid wat wys hulle het God teenwoordig gemaak en beheer gegee. Maar... God het nog nooit sy voorsienige krag, bestuur en teenwoordigheid in enige mens se lewe verloor wat die geestelikes meen hulle nou met selfloosheid moet teruggee nie. Christus vergewe ons en gee ons weer liefde vir God sodat ons weer die mens kan wees wie Hy ons in sy voorsienige krag gemaak het om te wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus